15 Julie: Christenskap is ‘n spansport sonder sterre. – Jan van der Watt

1 Kor 3:1-15 (fokus 3:1-9)

Christenskap is ‘n spanspel. Daarom kan ‘n Christen nooit godsdiens alleen in sy eie klein hoekie speel nie. God het vir jou ‘n plekkie in sy span. Daar wil Hy hê moet jy jou hart uitspeel.

Soos met enige spansport soek ons partymaal ook die “sterre” van die span uit, die bestes. Die gemeente in Korinte het dit ook al gedoen. Apollos is die beste, sê een. Nee, ek kies vir Paulus, sê die ander een (3:4), so asof die prestasies van God se span van die sterre afhang.

Nee, God se span het nie uitblinkers nie, net getroue, harde spelers. Elkeen wat sy deel getrou doen is vir God ‘n ster, want as almal saamwerk is daar geen keer aan die span nie. Die geheim is egter dat elkeen sy deel moet doen. Dit help nie almal probeer in dieselfde posisie speel nie. Soos Paulus dit op sye eie manier met ‘n tuinbeeld sê: die een gooi nat, die ander plant… (3:6-9). Dit help nie ons almal gooi nat nie, want dan is daar niks om te groei nie. As almal plant sal die saadjies van die droogte vrek. Nee, elkeen moet sy posisie ken en voluit daar speel.

Daarom is dit belangrik om vir jouself uit te maak waar jy in God se span moet speel. As jy nie opdaag nie, is daai posisie leeg. As jy in die verkeerde posisie speel, is daar te veel in die een en te min in die ander. Jy moet dus seker maak.

Watter posisie dink jy wil God hê moet jy in sy span speel?